

# KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Job 42 vers 4

Die Here sê: Luister terwyl Ek praat. Ek sal vra, antwoord jy my.

## ***Kortpad*** Belangrike Datums

14 Julie	08h30	Eietydse diens in die saal
14 Julie	09h45	Kategese
14 Julie	10h00	Klassieke diens in die saal
15 Julie	12h45 – 14h00	Gebedskild in gebedskamer
16 Julie	10h00 – 12h00	There4-Bedieninge Kreatiewe kaartjiemaak-werkwinkel
19 Julie	05h00	Mannebyeenkoms by Lilylaan 68
20 Julie	08h30 – 12h30	Raising agents of change Mike en Helene Burnard

[Die afkondigings kan vanaf Saterdag by hierdie skakel gelees word.](#)

## ***'n Nuwe Pad***

Die KuberKamma word van vandag af direk vanuit die kerkkantoor gedoen. Ons vra asseblief geduld met die groeipyne wat daarmee gepaard gaan.

Ons wil van hierdie geleentheid gebruik maak om vir Marietjie Greeff van harte te bedank vir die tien en 'n half jaar diens wat sy aan die KuberKamma afgestaan het. Baie dankie Marietjie vir die liefde en deeglikheid waarmee jy hierdie taak aangepak het. Ons wens vir jou en GP die aller mooiste seënswense toe op julle nuwe lewensreis.

## ***Saam op pad vir Christus***

**Preke: Die [preke van die oggenddienste](#) word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.**

Die Hervormer Calvyn het gesê die hemelvaart beteken dat gelowiges in Christus 'n konstante advokaat en intercessor het - iemand wat aanhoudend vir ons by God intree. By hemelvaart word ons verseker dat Jesus regeer en dat Hy weer kom. Tot dan vul die Heilige Gees vir ons en maak van elkeen van ons, as Sy kerk, Sy getuies. [Hemelvaart is die begin van 'n nuwe era.](#)

Die Here vra niks van ons wat Hy nie eers vir ons gee nie. Dit is soos 'n afloswedloop. Hy gee vir ons die aflosstokkie van diens, liefde en vergifnis en nog baie ander seëninge en die Gees help dan vir ons om dit aan te gee. Wat maak jy met super size seëninge waarmee die Here jou seën? Hoe groot is jou sirkel? ['n](#)

### [Vrygewige Gees](#)

Niemand, wat nou leef, het die Here al ooit in lewende lywe gesien of ontmoet nie. Maar hulle ontmoet vir ons as Sy kinders. Deur my en jou word Christus vandag sigbaar, tasbaar en hoorbaar. Die Gees haal die blinddoek van ons oë af, gee ons lewe en maak ons elke dag al meer soos Christus. [Die Gees maak die lewe 'n fees](#)

**Kraggakamma Webbediening is vanjaar 11 jaar oud**

**Kom raak betrokke by die Webbediening - kies waar jy jou talente en vaardighede wil aanwend:**

- \*Terugvoering van jou diensterrein/kleingroep
- \*Geestelike 'padkos'
- \*Taalversorging
- \*Fotogalery
- \*Grens.Pos/ABC/FEBA Radio se gebedsversoeke en e-nuusbriefe
- \*Samestelling van kuberamma
- \*Beplanning en onderhoud van webwerf saam met webmeester

**Let wel:** Geen kennis van programmering is nodig nie – slegs die vaardigheid om e-pos te ontvang en te stuur plus entoesiasme vir die Webbediening elke dag.

**ePos [kuberamma@ngkraggakamma.co.za](mailto:kuberamma@ngkraggakamma.co.za) vir meer besonderhede.**

### **Kerkraad 2019**

Hierdie persone dien vanjaar op die kerkraad. [Foto](#)

### **Sake vir gebed**

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

### **There4-Bedieninge: gebedsversoek vir Mali**

Bid saam met nuwe gelowiges wat Islam verlaat het om Jesus te volg. Hulle meld dat dit [toenemend moeiliker word om hul geloof in Mali te beoefen](#).

### **Aksie België vir Christus: Nuusbrief**

Ferdi en Ronel is weer terug van België waar hulle baie dinge beleef het. "Maar die wonderlike is dat deur al ons avonture hier in SA en daar oorkant, ons so bewus is van die Here se genade, Sy versorging, die uitdagings op ons pad, Sy voorsiening en die feit dat Hy in alles ons troue Skuilplek is en bly - ook as die winde van die lewe koud waai." [Ferdi en Ronel se Nuusbrief vir Junie 2019](#)

### **FEBA Radio Ondersteunersbyeenkoms**

Bright Sonjera, die stasiebestuurder in Mosambiek, sal die gasspreker wees by Port Elizabeth se Ondersteunersbyeenkoms die 1e September. Toegang is gratis, maar donasies sal baie welkom wees.

[Lees meer hier](#) **Foto**

### **Padkos Leef in HOOFLETTERS**

Martin Luther King jnr het op 'n keer gesê dat as jy 'n straatveër is, dan moet jy dit doen met dieselfde passie as waarmee Michaelangelo sy beeldhouwerke uitgekap het, of waarmee Mozart sy musiek gekomponeer het. Dit is wat Paulus bedoel as hy skryf dat ons tot eer van God moet leef in alles wat ons doen en sê in Kolossense 3 vers 17. Anders gesê: die Heer se Naam moet in HOOFLETTERS geskryf staan bo-oor elke woord op ons lippe en bo-oor elke daad wat ons doen. Die Here moet die Eregas wees by elke gesprek wat ons voer. Hy moet die Getuie wees van elke taak wat ons verrig. By elke ete moet Hy die Gasheer wees. Of ons werk, speel of slaap, ons moet dit doelbewus doen om God se hart bly te maak. Pro-aktief en intensioneel moet ons die Here deel maak van ons daaglikse lewe. Ons moet Hom uitbundig, voelbaar en sigbaar liefhê. Dan is ons lewe 'n voltydse crescendo oor God se goedheid. Dan leef ons in HOOFLETTERS, daardie soort wat God maklik raaklees. Ander mense ook. Dan verheerlik ons Hom op die regte maniere.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert [www.ekerk.org](http://www.ekerk.org)]

## *Kuβergroete tot volgende keer*

[2019-07-14]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal.

[www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)